Jaarboek 2013

Inhoudsopgawe

1 Inleidend 5

2 Toelatingsvereistes 5

2.1 Toelatingsvereistes vir graadstudie 5

2.2 Addisionele vereistes 6

2.3 Berekening van M-telling (matrikuleer voor 2008) 6

2.4 Berekening van APS-telling (matrikuleer vanaf 2008) 7

2.5 Bepalings met betrekking tot voorwaardelike toelating 8

2.6 Kapasiteitsbepalings 9

3 Registrasie 9

3.1 Aros-fasiliteite 9

3.2 Tug 9

3.3 Aanvaarding van reëls 9

3.4 Jaarlikse registrasie 9

3.5 Wysiging van registrasie 10

3.6 Modulevrystellings 10

3.7 Registrasie vir bykomende modules 10

3.8 Gelyktydige registrasie aan meer as een instelling 10

3.9 Kansellasie van registrasie 10

4 Duur van studie en vereiste krediete 10

5 Onbevredigende akademiese prestasie 10

6 Eksamens 11

6.1 Eksamengeleenthede 11

6.2 Slaagvereistes 11

7 Beëindiging van studie 11

8 Herhaling van modules 12

9 Verlenging van studietydperk 12

10 Plagiaat 12

11 Sertifikate 12

12 Lys van modules 13

13 BEd in Grondslagfaseprogram (4 jaar) – 450 100 (O200P) 16

14 BEd in Grondslagfaseprogram (6 jaar) – 450 100 (O201P) 18

15 Modulebeskrywings 20

1 Inleidend

Aros is oortuig dat dit vir die land in sy geheel, maar ook vir die onderwysberoep in die besonder, tot groot voordeel sal wees indien nuwe onderwysers die taak wat hulle verrig as 'n roeping sien. Om in hierdie doel te slaag, moet studente gelei word om God se koningskap in alle aspekte van die onderwys eerste te stel. Met hierdie opleiding poog Aros om 'n bydrae te lewer tot die uitbouing van Christelike onderwys en die reformasie van Suid-Afrika. Die groot tekort aan onderwysers wat tans heers, bied die ideale geleentheid om gelowige, kundige onderwysers op te lei en om sodoende 'n hoë standaard van onderrig te verseker. Christelike onderwysers kan 'n wesenlike invloed hê op gelowige Suid-Afrikaners en só die gemeenskap dien.

2 Toelatingsvereistes

2.1 Toelatingsvereistes vir graadstudie

Ten einde vir toelating te kwalifiseer, moet 'n persoon beskik oor een van die volgende sertifikate wat deur Umalusi uitgereik word. Daar moet ook aan bykomende vereistes voldoen word (sien 2.2).

2.1.1 Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) met endossement (vrystelling)

Dit is 'n senior sertifikaat wat geëndosseer is met die inskrywing dat die persoon voldoen aan die minimum vereistes vir toelating tot graadstudie aan 'n universiteit. 'n Persoon wat voor 2008 matriek geskryf het, moet 'n M-telling van ten minste 14 hê en 'n persoon wat na 2008 matriek geskryf het, 'n Akademiese Prestasieskaal- of APS-telling van ten minste 20. So 'n persoon kan toegelaat word indien daar aan die bykomende vereistes voldoen word (sien 2.2).

2.1.2 Nasionale Senior Sertifikaat met voorwaardelike matrikulasievrystelling

2.1.2.1 Gewone voorwaardelike vrystelling

'n Persoon (voor 2008) wat nie matriekvrystelling verwerf het nie, maar 'n senior sertifikaat met twee vakke op hoër graad het waarvan een 'n amptelike taal is en 'n M-telling van ten minste 12 het, kan kwalifiseer vir toelating deur voorwaardelike vrystelling. Dit geld ook vir persone na 2008 met 'n APS-telling van ten minste 16.

2.1.2.2 Voorwaardelike vrystelling

Voorwaardelike vrystelling behels dat 'n sertifikaat van voorwaardelike vrystelling uitgereik word aan 'n persoon wat tydens 'n verdere keuringsproses bewys van geskiktheid gelewer het om tot graadstudie toegelaat te word. 'n Persoon wat nie voor 2008 matriekvrystelling verwerf het nie, maar 'n senior sertifikaat met twee vakke op hoër graad het waarvan een 'n amptelike taal is en 'n M-telling van ten minste 12 het, kan kwalifiseer vir toelating deur voorwaardelike vrystelling. Dit geld ook vir persone (na 2008) met 'n APS-telling van ten minste 16.

2.1.3 Erkenning van vorige leer

2.1.3.1 'n Persoon wat nie aan die voorgeskrewe toelatingsvereistes van 'n spesifieke kurrikulum voldoen nie, maar wat oor vorige leer en toepaslike werkervaring beskik, kan tot graadstudie toegelaat word nadat die prosedure vir erkenning van vorige leer suksesvol deurloop is.

2.1.3.2 Die prosedure vir sodanige erkenning kan volgens die oordeel van Aros voldoening aan een of meer van die volgende vereistes insluit:

a) bepaalde resultate in 'n stel toetse;
b) voorlegging van bewys van vaardighede waarop aanspraak gemaak word;
c) geslaagde onderhoude; en/of
d) die bereiking van bepaalde uitkomste in 'n goedgekeurde kurrikulum by Aros of ander onderwysinstellings vir dié doel aangewys.

2.1.3.3 Krediete vir enige module waarvoor 'n persoon erkenning ontvang, word toegeken in ooreenstemming met nasionale voorskrifte en reëls soos in die jaarboek uiteengesit.

2.1.4 Goedgekeurde kwalifikasies verwerf buite die RSA

'n Persoon kan op grond van kwalifikasies wat buite die RSA verwerf is vir voorwaardelike vrystelling in aanmerking kom.

2.1.5 Vrystelling op grond van naskoolse kwalifikasies

'n Persoon wat nie matrikulasievrystelling het nie, maar beskik oor 'n senior of skooleindsertifikaat en 'n erkende driejarige diploma wat aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit, onderwyskollege of technikon verwerf is, kan op grond van naskoolse kwalifikasies vir volle vrystelling in aanmerking kom en toegelaat word tot graadstudie.

2.2 Addisionele vereistes

2.2.1 Benewens die Nasionale Senior Sertifikaat met endossement of die Nasionale Senior Sertifikaat met voorwaardelike vrystelling kan Aros ook keuringstoetse en/of die bereiking van 'n bepaalde standaard in spesifieke skoolvakke (M-telling of APS-telling) vir toelating tot 'n besondere graadkurrikulum voorskryf.

2.2.2 Die konstitusie van Aros moet ten volle deur die student onderskryf word.

2.2.3 Die voornemende student moet die raad kan oortuig dat 'n gereformeerde lewensbeskoulike studie gevolg wil word.

2.2.4 Die metode van aflewering is 'n kombinasie van direkte onderrig en tegnologieondersteunde onderrig vanaf die eerste semester van die eerste jaar tot aan die einde van die tweede semester van die vierde jaar.

2.2.5 Weens die kombinasie van direkte onderrig, tegnologiese ondersteuning en onderwyspraktyk, moet studente vanaf die tweede semester van die eerste studiejaar ten minste een dag per week betrokke wees by 'n skool en spesifiek in die Grondslagfase. Studente wat meer as drie dae per week betrokke is by 'n skool word aanbeveel om die 6-jaar program (O201P) te volg.

2.2.6 Studente moet toegang tot 'n rekenaar en die internet hê. Die minimum rekenaarvereistes is as volg: Intel Celeron 2.1 GHz, 2 GB RAM, 320 GB HDD, Windows XP/Vista/Windows 7, Office 2007/2010.

2.2.7 Studente moet klasse bywoon op Vrydae of Saterdae soos per rooster.

2.2.8 Studente moet ekstra klasse wat op weeksdae of gedurende skoolvakansies gereël word, bywoon.

2.3 Berekening van M-telling (matrikuleer voor 2008)

- Moet ses vakke in matriek geneem het.
- 'n Maksimum van vier vakke word gebruik om die M-telling te bepaal.
- Ten minste twee vakke op hoër graad.
- Afrikaans as moedertaal dra dubbel gewig.

HG	A	6
	B	5
	C	4
	D	3
	E	2
	F	1

SG	A	5
	B	4
	C	3
	D	2
	E	1
	F	0

2.4 Berekening van APS-telling (matrikuleer vanaf 2008)

- Moet sewe vakke in matriek geneem het.
- Ses vakke word gebruik by die berekening van die APS-telling.
- Drie verpligte vakke en drie ander vakke.
- Lewensoriëntering mag nie gebruik word by die berekening nie.
- Ten einde vir volle vrystelling te kwalifiseer, moet die studente aan toelatingsvereistes soos uiteengesit in die onderstaande tabelle, voldoen.
- Studente wat nie aan onderstaande vereistes voldoen nie maar oor 'n APS-tellling van ten minste 16 beskik, word voorwaardelik toegelaat.

Verpligte vakke ook aangewysde vakke	Twee amptelike tale (behaal 'n "4" in die taal van onderrig)	
	Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid	
	Lewensoriëntering (nie bereken in die APS nie en ook nie 'n aangewysde vak nie)	

Aangewysde vakke behaal 'n "4" (50-59%) in minstens vier van hierdie vakke	Aardrykskunde	Besigheidstudies
	Dramakunste	Ekonomie
	Fisiese Wetenskappe	Geografie
	Geskiedenis	Ingenieursgrafika en -ontwerp
	Inligtingstegnologie	Landbouwetenskappe
	Lewenswetenskappe	Musiek
	Rekeningkunde	Religiestudies
	Verbruikerstudies	Visuele Kunste
	Wiskunde	Wiskundige Geletterdheid
	Tale (slegs een addisionele taal (3e taal) mag bygevoeg word vir toelating)	

Erkende vakke (maksimum twee van hier-die vakke)	Dansstudies	Elektriese tegnologie
	Gasvryheidstudies	Landboubestuurs-praktyk
	Landboutegnologie	Meganiese Tegnologie
	Ontwerp	Toerisme
	Siviele tegnologie	Tale (nie-amptelike tale)
	Rekenaartoepassingstegnologie	

Lys van amptelike tale	Afrikaans	Engels
	IsiNdebele	IsiZoeloe
	SiSwati	IsiXhosa
	Sesotho	Sepedi
	Setswana	Xitsonga
	Tshivenda	

Nasionale senior sertifikaat vlak		**APS-telling**
8	90-100%	8
7	80-89%	7
6	70-79%	6
5	60-69%	5
4	50-59%	4
3	40-49%	3
2	30-39%	2
1	0-29%	1

2.5 Bepalings met betrekking tot voorwaardelike toelating

2.5.1 'n Persoon wat vir graadstudie wil registreer, maar nie gedurende die matrikulasie-eksamen volle vrystelling kon bekom nie, kan vir twee semesters voorwaardelik tot sodanige kurrikulum toegelaat word mits voorgeskrewe modules ter bemagtiging van die persoon tot bevrediging van Aros deurloop is teen betaling van die voorgeskrewe gelde en op 'n tyd en wyse deur Aros bepaal.

2.5.2 Nie-nakoming van die voorwaarde ingevolge hierdie bepaling lei tot kansellasie van die student se toelating en registrasie sonder terugbetaling van enige gelde.

2.5.3 Studente wat voorwaardelik toegelaat word tot graadstudie, word vir die modules AKAI111

(Inleiding tot Akademiese Geletterdheid), AFRV111 (Afrikaans Vaardigheid) en ENGP111 (English Proficiency) registreer. Hierdie modules word nie vir kredietdoeleindes vir graadstudie in berekening gebring nie.

2.5.4 Studente wat nie tot die eksamen in genoemde modules toegelaat word nie of die eksamen daarin druip, het 'n finale geleentheid in die daaropvolgende jaar om die modules te slaag. Studente wat nie hierdie bepaling van voorwaardelike toelating nakom nie, se studies kan getermineer word.

2.6 Kapasiteitsbepalings

As gevolg van spesifieke kapasiteitsbepalings behou Aros hom die reg voor om kandidate vir toelating te keur. Dit beteken dat voornemende studente wat aan die minimum toelatingsvereistes voldoen, nie noodwendig tot die betrokke kursus toegelaat sal word nie.

3 Registrasie

3.1 Aros-fasiliteite

Slegs geregistreerde studente van Aros mag van Aros se fasiliteite gebruik maak.

3.2 Tug

Alle geregistreerde studente is onderworpe aan die bepalings van die Wet op Hoër Onderwys, No. 101 van 1997, soos gewysig, en Aros se beleid en reëls. In die geval van enige oortreding geld die bepalings van die Tugreëls vir Studente.

3.3 Aanvaarding van reëls

Deur ondertekening van die amptelike registrasievorm bevestig die student dat die reëls en besluite van Aros as bindend aanvaar word vir die duur van studie by Aros.

3.4 Jaarlikse registrasie

3.4.1 Niemand word as 'n student geregistreer alvorens die persoon nie tot 'n spesifieke kurrikulum toegelaat is nie.

3.4.2 'n Student wat tot 'n spesifieke kurrikulum toegelaat is, registreer per semester of jaarliks vir die duur van die studie van die spesifieke kurrikulum, op die tyd en plek deur Aros daarvoor bepaal, deur die voorgeskrewe registrasiegeld te betaal, die registrasievorm in te vul, die nodige handtekeninge aan te bring en die registrasievorm by Aros in te dien, waarna 'n bewys van registrasie aan die student gegee word.

3.4.3 'n Student wat lesings bywoon, toetse aflê, werkopdragte indien en eksamen skryf sonder dat die student amptelik geregistreer is, sal geen krediete verwerf vir enige module/kursus wat die student slaag nie. Hierdie reël geld selfs indien die student die voorgeskrewe gelde betaal het.

3.5 Wysiging van registrasie

'n Student kan, ooreenkomstig die voorgeskrewe akademiese prosedures, die registrasie wysig binne die periode wat jaarliks deur Aros daarvoor bepaal word.

3.6 Modulevrystellings

'n Student wat by Aros aansluit nadat slegs 'n gedeelte van of 'n volle kwalifikasie aan 'n ander hoër onderwysinstelling afgehandel is, kan by Aros skriftelik aansoek doen om erkenning van modules met dien verstande dat hoogstens die helfte van die getal modules wat vir die betrokke kurrikulum vereis word, erken mag word. Die student mag modules herhaal waarvoor vrystelling nie gegee word nie.

3.7 Registrasie vir bykomende modules

3.7.1 'n Student kan in enige studiejaar, benewens die module(s) voorgeskryf vir die betrokke kurrikulum, met die nodige toestemming inskryf vir bykomende modules ooreenkomstig die toepaslike reëls soos vervat in die jaarboek.

3.7.2 Geen eerstejaarstudent word toegelaat om bykomend vir meer krediete per semester in die eerste studiejaar van die betrokke kurrikulum te registreer nie.

3.7.3 'n Student mag vir 'n jaar ná die eerste jaar van 'n kurrikulum nie vir meer as 12 krediete per semester bykomend by die voorgeskrewe modules van die betrokke semester se kurrikulum, registreer nie.

3.8 Gelyktydige registrasie aan meer as een instelling

'n Student mag nie sonder die toestemming van die hoof gelyktydig aan Aros en 'n ander hoër onderwysinstelling vir dieselfde module, kurrikulum of kwalifikasie registreer nie.

3.9 Kansellasie van registrasie

Kennis dat registrasie gekanselleer moet word, moet skriftelik aan Aros gegee word.

4 Duur van studie en vereiste krediete

Die minimum duur van die O200P-kwalifikasie is vier jaar en die maksimum ses jaar. Die minimum duur van die O201P-kwalifikasie is ses jaar en maksimum agt jaar. Dit is 'n 510-krediet onderwyskwalifikasie om ten volle as praktyk gekwalifiseerde professionele onderwyser te registreer.

5 Onbevredigende akademiese prestasie

'n Student wie se akademiese prestasie onbevredigend is (slaag minder as 50% van die semester se krediete), ontvang 'n formele waarskuwing en word vir akademiese advies en studievoorligting verwys. As vordering steeds nie na wense is nie, kan daar ingevolge die akademiese reëls met die student gehandel word. 'n Student op die O200P-program wat 48 en meer krediete nie slaag nie, se studies word outomaties na die 6 jaar program (O201P) oorgeplaas.

6 Eksamens

6.1 Eksamengeleenthede

6.1.1 'n Student wat in 'n module 'n deelnamepunt verwerf het, moet van die eerste geleentheid gebruik maak. Indien 'n student weens siekte of dood nie van die eerste geleentheid gebruik kon maak nie, kan die student 'n vertoë rig (met die nodige bewyse) om van die tweede geleentheid gebruik te maak.

6.1.2 'n Student wat tydens die eerste eksamengeleentheid 'n modulepunt van 40-49% verwerf, ontvang outomaties 'n tweede eksamengeleentheid.

6.1.3 'n Vasgestelde bedrag is betaalbaar indien 'n student wat daarop geregtig is, van die tweede eksamengeleentheid gebruik maak, uitgesonder diegene wat die nodige siekbriewe gelewer het. Hierdie bedrag word outomaties op die student se rekening geplaas.

6.1.4 'n Student wat na afloop van die twee eksamengeleenthede, ongeag of een of albei die geleenthede benut is, nie 'n module geslaag het nie, moet die betrokke module herhaal.

6.1.5 Die slaagvereistes vir elke kurrikulum en module is vervat in die jaarboek.

6.1.6 Geen student verwerf 'n kwalifikasie tensy die student aan al die vereistes vir die betrokke kurrikulum voldoen het nie.

6.2 Slaagvereistes

6.2.1 'n Student slaag 'n module as die vereiste modulepunt van ten minste 50% behaal is.

6.2.2 Die modulepunt word saamgestel uit die eksamenpunt en die deelnamepunt wat in die module verwerf is waar elke punt 50% van die totaal beloop.

6.2.3 Die subminimum vir eksamens in al die modules is 40% (uitgesluit die praktiese modules).

6.2.4 Indien die student in enige eksamen volgens die eenparige oordeel van die eksaminatore slaag, is die uitslag finaal.

6.2.5 Indien die eksaminatore nie eenparig kan besluit of die student die module geslaag het nie, berus die finale besluit by die akademiese hoof.

6.2.6 'n Student wat in alle modules van enige kurrikulum 'n gemiddelde punt van 75% of meer behaal, verwerf die kwalifikasie met onderskeiding.

7 Beëindiging van studie

7.1 Die akademiese direkteur kan, ooreenkomstig die voorgeskrewe reëls, die studie van 'n student beëindig:

- wanneer die student in gebreke bly om aan die vereistes soos vervat in die jaarboek en in die akademiese reëls, te voldoen;
- wanneer die student die maksimum duur van die studietydperk soos deur die reëls bepaal, oorskry;
- wanneer die student in enige twee opeenvolgende studiejare nie minstens die helfte van die krediete wat vir die twee jare voorgeskryf is, verwerf het nie en reeds 'n waarskuwing van die akademiese hoof ontvang het.

7.2 'n Student wat na registrasie besluit om nie met die studies voort te gaan nie, moet dit skriftelik aan Aros deurgee.

8 Herhaling van modules

'n Student wat 'n module herhaal, moet opnuut vir daardie module registreer en 'n deelnamepunt verwerf of aan die ander vereistes voldoen om tot die eksamen in daardie module toegelaat te word.

9 Verlenging van studietydperk

Behoudens die bepalings van die reëls, moet 'n student wat verwag om nie die kurrikulum binne die voorgeskrewe aantal jare (*n*) te voltooi nie, voor die einde van die finale jaar *n* minus 1 (*n-1*) van sodanige studie by die hoof aansoek doen om verlenging van die studietydperk met een verdere semester.

10 Plagiaat

Werkstukke is individuele take en nie groepsaktiwiteite nie (tensy dit uitdruklik as 'n groepsaktiwiteit aangedui word).

11 Sertifikate

PRAK121	Geen
PRAK231	'n Erkende afrigtingsertifikaat in een skolesport
PRAK331	'n Keuse van EEN van die volgende: • 'n Tweede skoolsport OF • 'n Kulturele aktiwiteit (koorafrigting, sangafrigting, drama of ander relevante opleiding in die aanbieding van kulturele skoolaktiwiteite) OF • 'n Erkende opleiding in berading/hulpverlening (moet deur geregistreerde opleidingsinstansie aangebied word en deur Aros goedgekeur word. Moet as ten minste ses PD-punte geregistreer wees) soos byvoorbeeld - Traumaberading vir kinders (word deur verskeie instansies aangebied) - Inleiding tot spelterapie (word deur Wellingkollege in samewerking met NWU aangebied) - Audioblox (word deur Audioblox Pretoria aangebied) - HIV/VIGS-berading (word deur Unisa aangebied) - Verliesberading (word deur verskeie instansies aangebied)
PRAK431	Noodhulpsertifikaat (Vlak 1)

12 Lys van modules

MODULE-KODE	MODULENAAM	VOORVEREISTE	KR
AFRI121	Afrikaans	AFRV111 (indien voorwaardelik toegelaat)	12
AFRV111	Afrikaans Vaardigheid		
AKAG121	Akademiese Geletterdheid		6
AKAI111	Inleiding tot Akademiese Geletterdheid		
ASSE211	Assessering		12
BYBK121	Bybelkunde 1		6
BYBK211	Bybelkunde 2A		6
BYBK221	Bybelkunde 2B		6
BYBK311	Bybelkunde 3A	BYBK121, BYBK211, BYBK221	6
BYBK321	Bybelkunde 3B	BYBK121, BYBK211, BYBK221	6
BYBK411	Bybelkunde 4	BYBK311, BYBK321	6
DIDA111	Didaktiek		12
ENGL221	English	ENGP111 (indien voorwaardelik toegelaat)	12
ENGP111	English Proficiency		

MODULE-KODE	MODULENAAM	VOORVEREISTE	KR
FILO321	Filosofie van die Opvoedkunde 1		12
FILO421	Filosofie van die Opvoedkunde 2		12
GEMO411	Gemeenskapsontwikkeling		12
INLT111	Inleiding tot Inligtingstegnologie		6
KURS311	Kurrikulumstudies		12
LOND321	Leerderondersteuning 1		12
LOND411	Leerderondersteuning 2		12
LOND421	Leerderondersteuning 3	LOND411	12
NAVP421	Navorsingsprojek	NAVT421 geregistreer wees of geslaag het	12
NAVT421	Navorsingsteorie		12
ONAT321	Onderrig van Addisionele Taal		12
ONBS121	Onderwysbestuur		12
ONHT111	Onderrig van Huistaal 1		12
ONHT211	Onderrig van Huistaal 2	ONHT111	12
ONHT221	Onderrig van Huistaal 3	ONHT111	12
ONLV221	Onderrig van Lewensvaardighede: Beweging, Kuns en Musiek		12
ONLV311	Onderrig van Lewensvaardighede: Wetenskap en Gesondheidsleer	ONLV221	12
ONLV411	Onderrig van Lewensvaardighede: Lewensoriëntering	ONLV221	12

MODULE-KODE	MODULENAAM	VOORVEREISTE	KR
ONSA111	Onderwys in Suid-Afrika		12
ONWS121	Onderrig van Wiskunde 1		12
ONWS211	Onderrig van Wiskunde 2		12
ONWS311	Onderrig van Wiskunde 3		12
OPVS121	Opvoedkundige Sielkunde 1		12
OPVS211	Opvoedkundige Sielkunde 2		12
OPVS221	Opvoedkundige Sielkunde 3		12
PRAK121	Onderwyspraktyk 1		12
PRAK231	Onderwyspraktyk 2	PRAK121 ONHT111 en ONWS121 geregistreer wees of geslaag het	24
PRAK331	Onderwyspraktyk 3	PRAK231 ONHT211, ONHT221, ONWS211, ONLV221 geregistreer wees of geslaag het	24
PRAK431	Onderwyspraktyk 4	PRAK331 ONAT321, ONHT211, ONWS121, ONWS211, ONWS311, ONLV311 geregistreer wees of geslaag het	36
RELS111	Religiestudies		6
SEPE411	Sepedi Kommunikasievlak		12
SPED311	Sosiopedagogiek		12

13 BEd in Grondslagfaseprogram (4 jaar) – 450 100 (O200P)

Hierdie kwalifikasie is gerig op die opleiding van opvoeders vir Graad O tot Graad 3.

EERSTE SEMESTER

JAARVLAK 1		JAARVLAK 2		JAARVLAK 3		JAARVLAK 4	
Modulekode	**Kr**	**Modulekode**	**Kr**	**Modulekode**	**Kr**	**Modulekode**	**Kr**
Fundamentele modules							
AKAI111 AFRV111 ENGP111 INLT111	 6					SEPE411 GEMO411	12 12
Kernmodules							
ONSA111 RELS111 DIDA111	12 6 12	OPVS211 BYBK211 ASSE211	12 6 12	SPED311 BYBK311 KURS311	12 6 12	 BYBK411 LOND411	 6 12
Fase modules							
ONHT111	12	 ONHT211 ONWS211 PRAK231 (Jaarmodule)	 12 12	ONLV311 ONWS311 PRAK331 (Jaarmodule)	12 12	ONLV411 PRAK431 (Jaarmodule)	12
Totaal 1ste semester	**54**	**Totaal 1ste semester**	**54**	**Totaal 1ste semester**	**54**	**Totaal 1ste semester**	**54**

TWEEDE SEMESTER

JAARVLAK 1		JAARVLAK 2		JAARVLAK 3		JAARVLAK 4	
Modulekode	**Kr**	**Modulekode**	**Kr**	**Modulekode**	**Kr**	**Modulekode**	**Kr**
Fundamentele modules							
AFRI121 AKAG121	12 6	ENGL221	12				
Kernmodules							
OPVS121 BYBK121 ONBS121	12 6 12	OPVS221 BYBK221	12 6	FILO321 BYBK321 LOND321	12 6 12	FILO421 NAVP421 NAVT421 LOND421	12 12 12 12
Fase modules							
ONWS121 PRAK121	12 12	ONLV221 ONHT221 PRAK231 (Jaarmodule)	12 12 24	ONAT321 PRAK331 (Jaarmodule)	12 24	PRAK431 (Jaarmodule)	36
Totaal 2de semester	**66**	**Totaal 2de semester**	**78**	**Totaal 2de semester**	**66**	**Totaal 2de semester**	**84**
Totaal Jaar 1	**120**	**Totaal Jaar 2**	**132**	**Totaal Jaar 3**	**120**	**Totaal Jaar 4**	**138**
						Totaal vir kurrikulum	**510**

14 BEd in Grondslagfaseprogram (6 jaar) – 450 100 (O201P)

Hierdie kwalifikasie is gerig op die opleiding van opvoeders vir Graad O tot Graad 3.

EERSTE SEMESTER

JAARVLAK 1		JAARVLAK 2		JAARVLAK 3		JAARVLAK 4		JAARVLAK 5		JAARVLAK 6	
Modulekode	**Kr**	**Modulekode**	**Kr**	**Modulekode**	**Kr**	**Modulekode**	**Kr**	**Modulekode**	**Kr**	**Modulekode**	**Kr**
Fundamentele modules											
AKAI111 INLT111 AFRV111 ENGP111	6							SEPE411	12	GEMO411	12
Kernmodules											
ONSA111 RELS111 DIDA111	12 6 12	OPVS211 BYBK211	12 6	BYBK311 ASSE211	6 12	BYBK411 KURS311	6 12	SPED311	12	LOND411	12
Fase modules											
		ONHT111	12	ONHT211 ONWS211	12 12	ONWS311 PRAK231 (Jaarmodule)	12	ONLV311 PRAK331 (Jaarmodule)	12	ONLV411 PRAK431 (Jaarmodule)	12
Totaal 1ste semester	**42**	**Totaal 1ste semester**	**30**	**Totaal 1ste semester**	**42**	**Totaal 1ste semester**	**30**	**Totaal 1ste semester**	**36**	**Totaal 1ste semester**	**36**

TWEEDE SEMESTER

JAARVLAK 1		JAARVLAK 2		JAARVLAK 3		JAARVLAK 4		JAARVLAK 5		JAARVLAK 6	
Modulekode	**Kr**	**Modulekode**	**Kr**	**Modulekode**	**Kr**	**Modulekode**	**Kr**	**Modulekode**	**Kr**	**Modulekode**	**Kr**
Fundamentele modules											
AFRI121 AKAG121	12 6			ENGL221	12						
Kernmodules											
OPVS121 BYBK121 ONBS121	12 6 12	OPVS221 BYBK221	12 6	BYBK321	6	LOND321 FILO321	12 12	NAVT421 FILO421	12 12	NAVP421 LOND421	12 12
Fase modules											
		ONWS121 PRAK121	12 12	ONHT221 ONLV221	12 12	PRAK231 (Jaarmodule)	24	ONAT321 PRAK331 (Jaarmodule)	12 24	PRAK431 (Jaarmodule)	36
Totaal 2de semester	**42**	**Totaal 2de semester**	**42**	**Totaal 2de semester**	**42**	**Totaal 2de semester**	**48**	**Totaal 2de semester**	**60**	**Totaal 2de semester**	**60**
Totaal Jaar 1	**84**	**Totaal Jaar 2**	**72**	**Totaal Jaar 3**	**84**	**Totaal Jaar 4**	**78**	**Totaal Jaar 5**	**96**	**Totaal Jaar 6**	**96**
										Totaal vir kurrikulum	**510**

15 Modulebeskrywings

AFRI121	Semester 2	NKR-vlak: 6
Afrikaans 1		
Na voltooiing van hierdie module sal studente toegerus wees met kennis van die grammatika van Afrikaans en van Afrikaanse literatuur.		
Assesseringsmetodes Deurlopende assessering: 50% 1 x 2 uur geskrewe eksamen: 50%		

AFRV111	Semester 1	NKR-vlak: 5
Afrikaans Vaardigheid		
Na voltooiing van hierdie module sal studente wat nie aan die minimum taalvereistes vir Afrikaans voldoen nie, toegerus en bemagtig wees om in Afrikaans te kommunikeer.		
Assesseringsmetodes Deurlopende assessering: 50% 1 x 2 uur geskrewe eksamen: 50%		

AKAG121	Semester 2	NKR-vlak: 6
Akademiese Geletterdheid		
Na voltooiing van hierdie module sal studente • in staat wees om akademiese tekste te lees; • bewus wees van die vereistes van die skryf vir akademiese doeleindes; • weet hoe om inligting te vind; • in staat wees om toepaslike tekste te selekteer; • bewus wees van die belangrikheid om hul geloof te integreer met akademiese aktiwiteite.		
Assesseringsmetodes Deurlopende assessering: 50% 1 x 2 uur geskrewe eksamen: 50%		

AKAI111 **Semester 1** **NKR-vlak: 6**

Inleiding tot Akademiese Geletterdheid

Na voltooiing van hierdie module sal studente

- in staat wees om die eise van tersiêre onderrig en leer te kan hanteer;
- hul akademiese potensiaal verbeter;
- in staat wees om vraestelle en assesseringsopdragte effektief en sinvol te kan voltooi.

Assesseringsmetodes

Deurlopende assessering: 50%

1 x 2 uur geskrewe eksamen: 50%

ASSE211 **Semester 1** **NKR-vlak: 6**

Assessering

Na voltooiing van hierdie module sal studente

- toegerus wees om 'n gestruktureerde proses vir die insamel en interpreteer van inligting ten opsigte van leer op alle vlakke, te gebruik;
- kennis van 'n verskeidenheid tegnieke, metodes en instrumente vir assessering kan demonstreer;
- verstaan hoe belangrik assessering as 'n integrale deel van alle beplanning van onderrig en leer is;
- wyses van self-assessering, assessering van die leerder en assessering van onderwysprogramme bemeester het.

Assesseringsmetodes

Deurlopende assessering: 50%

1 x 2 uur geskrewe eksamen: 50%

BYBK121 **Semester 2** **NKR-vlak: 5**

Bybelkunde 1

Na voltooiing van hierdie module sal studente

- toegerus wees met die nodige kennis van die Bybel ten einde God te ken ken in sy Woord;
- weet dat die Woord van God die bron van alle kennis is;
- hierdie wete kan toepas in alle aspekte van die lewe;
- basiese inhoud van die boek Genesis kan bemeester.

Assesseringsmetodes

Deurlopende assessering: 50%

1 x 2 uur geskrewe eksamen: 50%

BYBK211 **Semester 1** **NKR-vlak: 5**

Bybelkunde 2A

Na voltooiing van hierdie module sal studente

- toegerus wees met die kennis van die geskiedkundige boeke Eksodus, Levitikus, Numeri, Deuteronomium, Josua, Rigters en Rut;
- hierdie geskiedkundige boeke as verbondsgeskiedenis kan ondersoek;
- die wysheidsliteratuur van Psalms en Spreuke kan toepas.

Assesseringsmetodes

Deurlopende assessering: 50%

1 x 2 uur geskrewe eksamen: 50%

BYBK221 **Semester 2** **NKR-vlak: 5**

Bybelkunde 2B

Na voltooiing van hierdie module sal studente

- die Woord van God as die bron van alle kennis benader;
- die geskiedkundige boeke 1 Samuel, 2 Samuel, 1 Konings, 2 Konings, 1 Kronieke, 2 Kronieke, Esra, Nehemia en Ester bestudeer het;
- die boodskap van die onderwysliteratuur in boeke Job, Prediker en Hooglied kan identifiseer.

Assesseringsmetodes

Deurlopende assessering: 50%

1 x 2 uur geskrewe eksamen: 50%

BYBK311 **Semester 1** **NKR-vlak: 6**

Bybelkunde 3A

Na voltooiing van hierdie module sal studente

- 'n oorsig van die profete Jesaja, Jeremia, Esegiël en Daniel kan gee;
- temas uit die profete Hosea, Joël, Amos, Obadja, Jona, Miga, Nahum, Habakuk, Sefanja, Hagaï, Sagaria en Maleagi kan ontleed;
- elke profetiese boek kan verbind aan die vervulling in Christus.

Assesseringsmetodes

Deurlopende assessering: 50%

1 x 2 uur geskrewe eksamen: 50%

BYBK321 **Semester 2** **NKR-vlak: 6**

Bybelkunde 3B

Na voltooiing van hierdie module sal studente

- die verband tussen die verskillende evangelies kan aantoon;
- 'n oorsig van die evangelies Mattheus, Markus, Lukas en Johannes toon;
- die boek Handelinge bestudeer en die konteks kan ontleed.

Assesseringsmetodes

Deurlopende assessering: 50%

1 x 2 uur geskrewe eksamen: 50%

BYBK411 **Semester 1** **NKR-vlak: 7**

Bybelkunde 4

Na voltooiing van hierdie module sal studente

- Paulus se briewe tematies ontleed het en kan toepas;
- die boek Openbaring as apokaliptiese teks begryp;
- die Skrif as samehangende geheel kan ontleed.

Assesseringsmetodes

Deurlopende assessering: 50%

1 x 2 uur geskrewe eksamen: 50%

DIDA111 **Semester 1** **NKR-vlak: 5**

Didaktiek

Na voltooiing van hierdie module sal studente

- in staat wees om die noodsaaklikheid van 'n balans tussen leerdergesentreerde en onderwysergesentreerde onderrig en leer te verduidelik;
- verstaan dat onderrig en leer beplan moet word in die lig van die Bybel;
- toegerus wees om 'n positiewe leeromgewing te skep waar elke leerder aangemoedig en begelei kan word om te ontwikkel volgens die Skepper se plan;
- bewus wees van die belangrikheid van ontwikkelingsvlaktoepaslike didaktiek;
- kan onderskei tussen informele en formele onderrig.

Assesseringsmetodes

Deurlopende assessering: 50%

1 x 2 uur geskrewe eksamen: 50%

ENGL221 **Semester 2** **NKR-vlak: 6**

English 1

Na voltooiing van hierdie module sal studente toegerus wees met kennis van die grammatika van Engels en van Engelse literatuur.

Assesseringsmetodes

Deurlopende assessering: 50%

1 x 2 uur geskrewe eksamen: 50%

ENGP111 **Semester 1** **NKR-vlak: 5**

English Proficiency

Na voltooiing van hierdie module sal studente wat nie aan die minimum taalvereistes vir Engels voldoen nie, toegerus en bemagtig wees om in Engels te kommunikeer.

Assesseringsmetodes

Deurlopende assessering: 50%

1 x 2 uur geskrewe eksamen: 50%

FILO321 **Semester 2** **NKR-vlak: 7**

Filosofie van die Opvoedkunde 1

Na voltooiing van hierdie module sal studente

- die konsep van 'n filosofie van die opvoedkunde kan verduidelik;
- in staat wees om Christelike filosofieë te identifiseer;
- hulle kennis van pedagogiek en onderwys kan gebruik om die plek van filosofie in die kurrikulum te bepaal;
- hierdie kennis kan toepas op Christelike onderwys en op die ontwikkeling van 'n Christelike kurrikulum.

Assesseringsmetodes

Deurlopende assessering: 50%

1 x 2 uur geskrewe eksamen: 50%

FILO421 **Semester 2** **NKR-vlak: 7**

Filosofie van die Opvoedkunde 2

Na voltooiing van hierdie module sal studente

- die konsep van 'n Christelike filosofie van die opvoedkunde kan evalueer;
- in staat wees om 'n eie, persoonlike Christelike filosofie van die opvoedkunde te formuleer;
- hulle kennis van pedagogiek en onderwys kan gebruik om hulle eie standpunt te verdedig;
- hierdie kennis kan toepas op Christelike onderrig en in die onderwyspraktyk.

Assesseringsmetodes

Deurlopende assessering: 50%

Portfolio: 50%

GEMO411 **Semester 1** **NKR-vlak: 7**

Gemeenskapsontwikkeling

Na voltooiing van hierdie module sal studente

- bewus wees van die verskeidenheid van samelewings en gemeenskappe binne die omgewing waar hulle werk;
- toegerus wees met kennis en vaardighede om hierdie gemeenskappe te kan dien met betrekking tot sosiale vraagstukke soos MIV, gesondheid, armoede, misdaad, die verbrokkeling van gesinne en verwaarlosing.

Assesseringsmetodes

Deurlopende assessering: 50%

1 x 2 uur geskrewe eksamen: 50%

INLT111 **Semester 1** **NKR-vlak: 5**

Inleiding tot Inligtingstegnologie

Na voltooiing van hierdie module sal studente toegerus wees met kennis en vaardighede oor rekenaars en die tegnologiese wêreld.

Assesseringsmetodes

Deurlopende assessering: 50%

1 x 2 uur geskrewe eksamen: 50%

KURS311 **Semester 1** **NKR-vlak: 6**

Kurrikulumstudies

Na voltooiing van hierdie module sal studente

- kennis en begrip demonstreer ten opsigte van 'n aantal kontemporêre benaderings tot kurrikulumontwikkeling om sodoende die kurrikulum in sy verskeie vorme te herken;
- in staat wees om die kurrikulum te verstaan en te analiseer;
- in staat gestel word om oor die kurrikulum te besin en die kurrikulum as praktyk te sien;
- oor vaardighede beskik om 'n Christelike kurrikulum, gegrond op Bybelse waardes, te ontwikkel.

Assesseringsmetodes

Deurlopende assessering: 50%

1 x 2 uur geskrewe eksamen: 50%

LOND321 **Semester 2** **NKR-vlak: 7**

Leerderondersteuning 1

Na voltooiing van hierdie module sal studente

- in staat wees om 'n persoonlike raamwerk te vorm om jong leerders met leerbeperkinge te ondersteun deur verskeie teorieë van leerderhulp te evalueer;
- die konsep verstaan van professionele en etiese gedrag as toegewyde Christelike onderwysers, met betrekking tot die behoeftes van die kind en dié se ouers of versorgers.

Assesseringsmetodes

Deurlopende assessering: 50%

1 x 2 uur geskrewe eksamen: 50%

LOND411	Semester 1	NKR-vlak: 7

Leerderondersteuning 2

Na voltooiing van hierdie module sal studente

- in staat wees om die vaardighede toe te pas wat nodig is om leeruitvalle te identifiseer;
- in staat wees om met die verskillende belangegroepe en ondersteuners in praktiese situasies saam te werk;
- dit in die konteks van gedifferensieerde onderrig, leer en assessering in die inklusiewe klaskamer kan plaas.

Assesseringsmetodes

Deurlopende assessering: 50%

1 x 2 uur geskrewe eksamen: 50%

LOND421	Semester 2	NKR-vlak: 7

Leerderondersteuning 3

Na voltooiing van hierdie module sal studente

- in staat wees om kennis en vaardighede met betrekking tot leerder ondersteuning toe te pas;
- die voorgeskrewe stappe volg tydens die evaluering van ’n jong kind met spesiale opvoedkundige behoeftes;
- in staat wees om ’n omvattende verslag te skryf oor die resultaat van die intervensie wat onder die toesig van ’n mentor gedoen is.

Assesseringsmetodes

Deurlopende assessering: 50%

Portfolio: 50%

NAVP421 **Semester 2** **NKR-vlak: 7**

Navorsingsprojek

Na voltooiing van hierdie module sal studente

- in staat wees om vaardighede en kennis, wat gedurende die kursus verwerf is, te integreer;
- relevante temas in pedagogiek kan identifiseer en
- dit kan integreer met 'n navorsingsvoorstel en projek.

Assesseringsmetodes

Deurlopende assessering: 50%

Portfolio: 50%

NAVT421 **Semester 2** **NKR-vlak: 7**

Navorsingsteorie

Na voltooiing van hierdie module sal studente

- toegerus wees om hulleself as lewenslange leerders te verstaan, uit te druk en te handhaaf;
- die beginsels van opvoedkundige navorsing vanuit 'n Bybelse perspektief begryp, krities kan reflekteer op aspekte van onderrig en leer;
- 'n strategiese benadering kan volg by die oplossing van onderrig- en leerprobleme deur navorsing wat met bewyse gestaaf is.

(Hierdie module is direk verbind met die navorsingsprojekmodule.)

Assesseringsmetodes

Deurlopende assessering: 50%

1 x 2 uur geskrewe eksamen: 50%

ONAT421 **Semester 2** **NKR-vlak: 7**

Onderrig van Addisionele Taal

Na voltooiing van hierdie module sal studente

- in staat wees om hulle kennis van kinderontwikkeling en die ontwikkeling van taalvaardighede toe te pas op die onderrig van 'n addisionele taal;
- in staat wees om benaderings tot die onderrig van 'n addisionele taal te evalueer en 'n oordeel daaroor te vorm;
- strategieë kan ontwikkel om aktiwiteite te beplan om die verskillende aspekte van 'n addisionele taal te onderrig;
- die elemente van 'n gebalanseerde benadering vir die onderrig van 'n addisionele taal begryp;
- toegerus wees om gepaste tekste vir die onderrig van Engels te evalueer en te kies;
- weet hoe om maniere te vind om die addisionele taal op 'n genotvolle en natuurlike wyse in die totale taalonderrig program in te sluit.

Assesseringsmetodes

Deurlopende assessering: 50%

1 x 2 uur geskrewe eksamen: 50%

ONBS121 **Semester 2** **NKR-vlak: 6**

Onderwysbestuur

Na voltooiing van hierdie module sal studente

- in staat wees om die klaskamer te analiseer as 'n ruimte waar God gedien moet word;
- die verantwoordelikheid dra om die klaskameromgewing te organiseer en te weet om die kind, die ouers, die skoolbestuur en kollegas as belangrike belangegroepe te respekteer;
- toegerus wees om 'n dissiplinesisteem te konstrueer binne die grense van Christenskap, die skoolbeleid en die vereistes van die wet;
- die kennis en vaardighede besit om die administratiewe sy van onderrig glad en effektief te laat verloop;
- insig toon in basiese leierskap- en bestuursvaardighede.

Assesseringsmetodes

Deurlopende assessering: 50%

1 x 2 uur geskrewe eksamen: 50%

ONHT111 **Semester 1** **NKR-vlak: 5**

Onderrig van Huistaal 1

Na voltooiing van hierdie module sal studente

- in staat wees om oor taalverwerwing en die leer en onderrig van taal te besin as deel van die Godgegewe behoefte aan kommunikasie;
- die onderrig van ontwikkelingsgeskikte aktiwiteite van ontluikende lees, skryf en spelling kan beplan en onderrig;
- waardes kan identifiseer wat in kinderliteratuur uitgebeeld word;
- in staat wees om die Bybel as leesbare teks te onderrig;
- 'n informele geletterdheidsprogram vir Graad O bestudeer het.

Assesseringsmetodes

Deurlopende assessering: 50%

1 x 2 uur geskrewe eksamen: 50%

ONHT211 **Semester 1** **NKR-vlak: 6**

Onderrig van Huistaal 2

Na voltooiing van hierdie module sal studente

- in staat wees om te onderskei tussen benaderings tot leesonderrig;
- bevoeg wees om strategieë te selekteer vir die verskillende aspekte van leesonderrig;
- bevoeg wees om 'n gebalanseerde leesprogram op te stel wat leesvaardighede, begrip en vlotheid insluit;
- die verband tussen lees en skryf begryp;
- kan onderskei tussen die verskillende elemente van die skryfproses;
- toegerus wees om gebalanseerde skryfonderrig in die hele kurrikulum te beplan;
- weet hoe om handskrif te onderrig;
- in staat wees om geskikte metodes te gebruik om lees- en skryfvaardighede te assesseer.

Assesseringsmetodes

Deurlopende assessering: 50%

1 x 2 uur geskrewe eksamen: 50%

ONHT221 **Semester 2** **NKR-vlak: 6**

Onderrig van Huistaal 3

Na voltooiing van hierdie module sal studente

- in staat wees om die aktiewe onderrig van spelling en taalstruktuur te motiveer en toe te pas;
- self op 'n aanvaarbare wyse kan spel;
- weet hoe om spelling- en taalonderrig op 'n outentieke wyse te integreer in die totale ontwikkeling van geletterdheid van die Grondslagfasekind;
- in staat wees om te demonstreer hoe leer en onderrig ondersteuningsmateriaal gebruik moet word;
- bewus wees van die belangrikheid om die jong kind se dink- en redeneervaardighede te ontwikkel;
- in staat wees om taallesse te beplan wat aansluit by die ander leerareas in die Grondslagfase.

Assesseringsmetodes

Deurlopende assessering: 50%

1 x 2 uur geskrewe eksamen: 50%

ONLV221 **Semester 2** **NKR-vlak: 6**

Onderrig van Lewensvaardighede: Beweging, Kuns en Musiek

Na voltooiing van hierdie module sal studente

- in staat wees om hulle kennis van die fisiese groei en motoriese ontwikkeling gedurende die vroeë kinderjare te gebruik om geskikte aktiwiteite te beplan vir die ontwikkeling van grootmotoriese vaardighede en kleinmotoriese vaardighede;
- die belangrikheid begryp van die liggaamlikheid van die jong kind as 'n Godgegewe aspek van menswees;
- weet hoe om te fokus op die jong leerder se individualiteit met betrekking tot fisiese ontwikkeling en hoe om individuele ondersteuning te gee;
- 'n besef hê van die groot waarde van kuns en kreatiwiteit vir die jong kind;
- in staat wees om hul teoretiese kennis te gebruik om 'n liefde vir en waardering van alle kreatiewe aktiwiteite te kweek;
- besef hoe belangrik dit is om alle kinders aan te moedig om God deur musiek en sang te loof.

Assesseringsmetodes

Deurlopende assessering: 50%

1 x 2 uur geskrewe eksamen: 50%

ONLV311	Semester 1	NKR-vlak: 7

Onderrig van Lewensvaardighede: Wetenskap en Gesondheidleer

Na voltooiing van hierdie module sal studente

- in staat wees om die jong kind te inspireer om God se skepping te observeer, te ondersoek en te geniet;
- God, as bron van alle kennis, loof deurdat jong leerders sy werke bestudeer;
- in gedagte hou dat idees belangriker is as inligting;
- bevoeg wees om die jong leerder op 'n praktiese wyse in te lig oor die natuur en die omgewing;
- weet hoe om die begrip van alledaagse en wetenskaplike konsepte by die leerder te ontwikkel,
- deurdat hulle die jong kind kan aanmoedig om vrae te verken en antwoorde te formuleer, wetenskaplike prosedures aan die leerder bekend maak en demonstreer;
- in staat wees om die belangrikheid van goeie gesondheid duidelik te maak;
- die belangrikheid van gesondheid in die Grondslagfasekonteks vestig;
- die jong kind help om 'n gesonde leefstyl te volg;
- die beplanning hiervan kan doen volgens die voorskifte van die relevante beleidsdokumente.

Assesseringsmetodes

Deurlopende assessering: 50%

1 x 2 uur geskrewe eksamen: 50%

ONLV411	Semester 1	NKR-vlak: 7

Onderrig van Lewensvaardighede: Lewensoriëntering

Na voltooiing van hierdie module sal studente

- in staat wees om die kennis en vaardighede wat hulle gedurende die kursus verwerf het, aan te wend om te beplan vir die morele en geestelike ontwikkeling van die jong kind;
- relevante waardes kan kies om in die daaglikse program in te sluit;
- in staat wees om morele en Bybelse waarhede op 'n gepaste wyse aan te bied;
- weet hoe om die Ou en Nuwe Testament op 'n aangename en poëtiese wyse aan te bied, sodat die jong kind met vreugde sal luister na die geskiedenis wat voorgehou word;
- bedag wees op die gevare van moralisering en om die Bybel as 'n instrument vir straf te gebruik;
- die Bybel ken en in staat wees om Bybelse waardes vir die jong kind te interpreteer;
- in staat wees om 'n omgewing te skep wat die glorie van God verkondig.

Assesseringsmetodes

Deurlopende assessering: 50%

1 x 2 uur geskrewe eksamen: 50%

ONSA111	Semester 1	NKR-vlak: 5

Onderrig in Suid-Afrika

Na voltooiing van hierdie module sal studente

- kennis dra van die beleid, wette en regulasies van toepassing op onderwys in die Suid-Afrikaanse konteks;
- insig kan demonstreer ten opsigte van die verskillende benaderings tot kurrikulumontwikkeling, die nasionale bedleidsdokumente en die vereistes wat deur die nasionale beleid aan opvoeders gestel word;
- beskik oor die kennis wat nodig is om inligting te vind in relevante wette soos en wanneer benodig;
- in staat wees om hierdie kennis toe te pas as kurrikulum in praktyk.

(Hierdie module vorm 'n belangrike deel van die grondslag vir die teoretiese en praktiese inhoud vir die res van die Aros BEd-kwalifikasie.)

Assesseringsmetodes

Deurlopende assessering: 50%

1 x 2 uur geskrewe eksamen: 50%

ONWS121	Semester 2	NKR-vlak: 6

Onderrig van Wiskunde 1

Na voltooiing van hierdie module sal studente

- in staat wees om kennis van wiskundige konsepte asook die vaardighede om wiskundige kennis te gebruik, kan demonstreer;
- in staat wees om die verskillende benaderings tot wiskunde-onderrig in die Grondslagfase te verduidelik;
- in staat wees om wiskunde-onderrig op 'n ontwikkelingstoepaslike wyse te beplan;
- weet hoe om ontluikende wiskunde te bevorder;
- weet hoe om 'n liefde vir wiskunde as deel van die skepping te kweek.

Assesseringsmetodes

Deurlopende assessering: 50%

1 x 2 uur geskrewe eksamen: 50%

ONWS211	Semester 1	NKR-vlak: 6

Onderrig van Wiskunde 2

Met die voltooiing van hierdie module sal studente

- weet hoe om die jong kind se getalbegrip stap vir stap te ontwikkel;
- weet hoe om die jong kind se kennis van optel, aftrek en vermenigvuldiging te ontwikkel;
- die basis-tien konsepte, plekwaardes en berekeninge kan onderrig;
- kreatiewe metodes vir die onderrig van wiskunde kan identifiseer en toepas.

Assesseringsmetodes

Deurlopende assessering: 50%

1 x 2 uur geskrewe eksamen: 50%

ONWS311	Semester 1	NKR-vlak: 6

Onderrig van Wiskunde 3

Na voltooiing van hierdie module sal studente

- in staat wees om te demonstreer hoe om die jong kind se kennis van geometriese konsepte, meting en breuke te ontwikkel;
- weet hoe om die jong kind te begelei om algebraïese beredenering te bemeester;
- weet hoe om datahanteringsvaardighede te onderrig en hoe om dit by ander vakke te integreer;
- kan raaksien as 'n jong kind probleme ondervind met sekere wiskundige vaardighede en sal dienooreenkomstig kan beplan;
- in staat wees om wiskundelesse vir die Grondslagfase te beplan.

Assesseringsmetodes

Deurlopende assessering: 50%

1 x 2 uur geskrewe eksamen: 50%

OPVS121 **Semester 1** **NKR-vlak: 6**

Opvoedkundige Sielkunde 1

Na voltooiing van hierdie module sal studente

- in staat wees om die filosofiese begronding van onderwys as 'n wetenskap te verduidelik;
- die belangrikheid van verskillende vertrekpunte ten opsigte van onderrig en leer kan insien en verstaan hoe hierdie vertrekpunte in verskillende filosofieë van onderwys uitgedruk word;
- in staat wees om die Christelike vertrekpunt(e) te identifiseer;
- die kennis en vaardighede bemeester het wat nodig is om kinderontwikkeling te verstaan ten opsigte van fisiese, kognitiewe, etiese, sosiale, kreatiewe en emosionele ontwikkeling tydens die kinderjare (geboorte tot 18 jaar).

Assesseringsmetodes

Deurlopende assessering: 50%

1 x 2 uur geskrewe eksamen: 50%

OPVS211 **Semester 1** **NKR-vlak: 6**

Opvoedkundige Sielkunde 2

Na voltooiing van hierdie module sal studente

- die kennis wat hulle in OPVS121 verwerf het, gebruik om verskillende beskouings en teorieë aangaande leer te analiseer;
- in staat wees om die hoof teoretiese benaderings te begryp, soos behavioristiese, sosiokognitiewe en konstruktivistiese oogpunte;
- kennis dra van die teorieë ontwikkel deur leiersfigure in die opvoedkunde;
- in staat wees om hierdie perspektiewe en teorieë te bespreek met betrekking tot die belangrikheid daarvan in die klaskamer;
- hierdie teorieë in lyn kan bring met Christelike oogpunte en 'n persoonlike filosofie van opvoeding begin ontwikkel;
- in staat wees om te verklaar wat die woord "intelligensie" behels;
- bewus wees van die nuutste navorsing oor intelligensie;
- in staat wees om die begrippe "meervoudige intelligensie", "emosionele intelligensie" en "leerstyle" te begryp en toe te pas;
- weet dat die Skepper die mens gevorm het om op verskeie wyses te funksioneer en dat elke individu daarom uniek is.

Assesseringsmetodes

Deurlopende assessering: 50%

1 x 2 uur geskrewe eksamen: 50%

OPVS221 **Semester 2** **NKR-vlak: 6**

Opvoedkundige Sielkunde 3

Na voltooiing van hierdie module sal studente

- in staat wees om die jong kind te identifiseer wat nie ontwikkel volgens verwagte mylpale met betrekking tot die fisiese, kognitiewe, normatiewe, sosiale, emosionele en selfstandigheidsnorme nie;
- in staat wees om gedrag- en leerprobleme te identifiseer;
- faktore wat die lewe van jong kinders beïnvloed en wat ontwikkelingsvertragings mag veroorsaak, herken en verstaan;
- op so 'n wyse beplan dat die holistiese ontwikkeling van die kind ondersteun word in die inklusiewe klaskamer;
- verskeidenheid op 'n positiewe wyse beleef.

Assesseringsmetodes

Deurlopende assessering: 50%

1 x 2 uur geskrewe eksamen: 50%

PRAK121 **Semester 2** **NKR-vlak: 5**

Onderwyspraktyk 1

Na voltooiing van hierdie modules sal studente

- 120 uur praktiese werk in die klaskamer en tydens kontaksessies voltooi het om sodoende onderrig en leer in die Grondslagfase te observeer;
- aaneenlopende periode van 3 weke OP tydens die 3de kwartaal plus ten minste 1 dag per week tydens die akademiese tweede semester;
- oor genoegsame bewyse beskik van doelgerigte observasie van en refleksie oor 'n skool se inagneming van beleid en wette in die Suid-Afrikaanse konteks;
- in staat wees om teorie met praktyk te verbind deur die klaskameromgewing te evalueer;
- kan bepaal of die lesse wat aangebied is, geskik is vir die teikengroep;
- 'n aantal voorbeelde van klaskamerbestuurstrategieë versamel het.

Assesseringsmetodes

Deurlopende assessering in die tweede semester. Studente moet aan al die vereistes voldoen. Besoek skole, klasbywoning, inhandiging van dokumentasie en besinning van algemene beginsels van onderig in 'n joernaal.

PRAK231 **Semester 1 en 2** **NKR-vlak: 6**

Onderwyspraktyk 2

Na voltooiing van hierdie modules sal studente

- 240 uur praktiese werk in die klaskamer, gemeenskapdiens en tydens kontaksessies voltooi het;
- onderwyspraktyk van 3 weke tydens 3de kwartaal aaneenlopende periode (plus 'n minimum van een dag per week tydens akademiese jaar);
- lesse aangebied het onder die toesig van 'n mentor en die akademiese dosente;
- 'n reeks Graad 0-lesse, gebaseer op die kennis wat in dié kursus verwerf is, beplan, aangebied en daaroor besin het;
- kan aantoon hoe Bybelse waardes in die lesse ingesluit word;
- 'n sertifikaat behaal in 'n skolesportafrigting.

Assesseringsmetodes

Deurlopende assessering deur die jaar. Studente moet aan al die vereistes voldoen. Besoek skole, klasbywoning, inhandiging van dokumentasie, portefeulje en refleksie-joernaal.

PRAK331 **Semester 1 en 2** **NKR-vlak: 6**

Onderwyspraktyk 3

Na voltooiing van hierdie modules sal studente

- 240 uur praktiese werk in die klaskamer, gemeenskapdiens en tydens kontaksessies voltooi het;
- 'n aaneenlopende onderwyspraktyk periode van 3 weke onderwyspraktyk plus 'n minimum van een dag per week tydens die akademiese jaar;
- 'n gemeenskapdiensprojek tydens die eerste semester onder toesig van 'n dosent voltooi;
- 'n reeks geïntegreerde en gedifferensieerde lesse vir graad 1, 2 en 3 kan beplan, onderrig en daaroor kan besin gebaseer op die kennis wat hulle gedurende die kursus verwerf het;
- ten minste die helfte van die lesse aangebied het met die ondersteuning van 'n mentor;
- die nodige vaardighede bemeester het om spesifieke behoeftes in diverse en multikulturele klaskamers te analiseer en om die behoeftes aan te spreek;
- na refleksie oor die lesse, 'n waardegedrewe kurrikulum vir een termyn vir enige jaar in die Grondslagfase in hooftrekke kan beplan, toets en in die korrekte konteks kan plaas;
- 'n sertifikaat behaal in skolesport-afrigting of kulturele afrigting, Berading en hulpverlening.

Assesseringsmetodes

Deurlopende assessering deur die jaar. Studente moet aan al die vereistes voldoen. Besoek skole, klasbywoning, inhandiging van dokumentasie, portefeulje en refleksie-joernaal.

PRAK431 **Semester 1 en 2** **NKR-vlak: 7**

Onderwyspraktyk 4

Na voltooiing van hierdie modules sal studente

- 360 uur praktiese werk in die klaskamer voltooi het in enige jaargroep(e) in die Grondslagfase 'n aaneenlopende onderwyspraktykperiode van 5 weke tydens die 3de kwartaal plus een dag per week tydens akademiese jaar;
- bevredigende bewys kan lewer van die selfstandige beplanning en onderrig van lesse in elk van die volgende vakke: huistaal, addisionele taal, wiskunde en lewensvaardighede;
- as bewys 'n lesbeplanningsportefeulje kan saamstel wat al die stappe vanaf beplanning tot assessering insluit, asook voorbeelde van werk wat deur die leerders gedoen is;
- hierdie lesse as basis gebruik om, na refleksie, 'n volledige kurrikulum vir drie weke te beplan;
- ten minste 'n vlak 1 noodhulpsertifikaat behaal.

Assesseringsmetodes

Deurlopende assessering deur die jaar. Studente moet aan al die vereistes voldoen. Besoek skole, klasbywoning, inhandiging van dokumentasie, portefeulje en refleksie-joernaal.

RELS111 **Semester 1** **NKR-vlak: 5**

Religiestudies

Na voltooiing van hierdie module sal studente kennis dra van die verskeie religieuse kontekste van die wêreld en van menslike spiritualiteit.

Assesseringsmetodes

Deurlopende assessering: 50%

1 x 2 uur geskrewe eksamen: 50%

SEPE411 **Semester 1** **NKR-vlak: 5**

Sepedi Kommunikasievlak

Na voltooiing van hierdie module sal nie-moedertaal studente van Sepedi toegerus wees met kennis en vaardighede om kommunikatief bemagtig te wees in 'n multikulturele en veeltalige gemeenskap.

Assesseringsmetodes

Deurlopende assessering: 50%

1 x 2 uur geskrewe eksamen: 50%

SPED311 **Semester 1** **NKR-vlak: 6**

Sosiopedagogiek

Na voltooiing van hierdie module sal studente

- in staat wees om teorieë betreffende sosiopedagogiek te analiseer;
- weet hoe om die ontwikkeling van die kind binne die gemeenskap te ondersteun;
- die belangrikheid van 'n hegte verhouding tussen huis en skool begryp;
- toegerus wees om die sosiale en religieuse ontwikkeling van die leerder te ondersteun binne die omvang gestel deur die nasionale beleid;
- bewus wees van die rol en invloed wat die skool het op die sosialisering van die leerder;
- toegerus wees om die verskillende sosiale en kulturele agtergronde wat in die Suid-Afrikaanse konteks bestaan, te begryp;
- begrip hê vir die unieke posisie wat elke persoon in die koninkryk van God beklee;
- die waardes, houdings, gewoontes, standpunte, wêreldsiening en taal van verskillende groepe respekteer en ondersteun;
- die wette en beleid wat gelykheid, billikheid en diversiteit in skole reguleer, ken en verstaan;
- in staat wees om die leerder op 'n onbevooroordeelde wyse te onderrig.

Assesseringsmetodes

Deurlopende assessering: 50%

1 x 2 uur geskrewe eksamen: 50%